basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Half-jaarlikse basislyn assessering

# Afrikaans Eerste Addisionele Taal

# Graad 3

## Agtergrond en rasionaal

1. Op Maandagaand, 23 Maart 2020, het die President die land toegespreek en ‘n nasionale inperking vanaf middernag op Donderdag, 26 Maart, tot middernag op Donderdag, 16 April aangekondig. Die impak van die pandemie het aansienlik vererger en die inperking is verleng.
2. Skole is gesluit vanaf 18 Maart 2020 tot Junie 2020 en selfs later vir sommige grade. In terme van kurrikulumlewering is daar buitengewone maatreëls ingestel om onderwysers, leerders en ouers te ondersteun.
3. Die huidige konteks van die KOVID-19 pandemie en die inperking het ‘n unieke situasie geskep met groot uitdagings wat veerkragtigheid, kreatiwiteit en konstruktiewe antwoorde vereis.
4. Die KOVID-19 realiteit vereis nuwe maniere om leer en onderrig te verseker, waar kontaktyd en distansiëringsvereistes baie verskil van die verlede.
5. As professionele onderwysers is dit ons gesamentlike verantwoordelikheid om die uitdaging aan te pak om effektiewe onderrig-, leer- en assesseringsprogramme te implementeer om sodoende die negatiewe impak wat die ontwrigting veroorsaak het te minimaliseer.
6. In die Eerste Addisionele Taal word voorgestel dat alle Graad 3 leerders, met hul terugkeer na die skool, onderwerp word aan ‘n kort half-jaarlikse basislynassessering. om hul huidige vlak van funksionering vas te stel ten opsigte van die kernvaardighede soos uiteengesit in die KABV kurrikulum.
7. Hierdie half-jaarlikse assesseringsriglyne is ontwikkel om as ‘n gids te dien vir die onderwysers. Die kort half-jaarlikse assessering van Graad 3 moet voltooi word om die leerders se huidige vlak van funksionaliteit vas te stel ten opsigte van kernvaardighede vir die Eerste Addisionele Taal.

## Instruksies om die half-jaarlikse basislynassessering te voltooi:

1. Die assessering moet so gou as moontlik voltooi word sodat formele onderrig kan hervat.
2. Die assessering moet binne ‘n maksimum tyd van twee dae voltooi word.
3. Die doel van die assessering is dat onderwysers formatiewe assesseringsprosedures gebruik om te bepaal hoe goed hul leerders vaar in die Eerste Addisionele Taal. Daardeur kan hulle onderrig en leer vir leerders bepaal, bv. dit impliseer dat onderrig moet voortgaan gedurende hierdie tyd en dat onderwysers waarneming en ingeligte oordeel gebruik om die vlakke waarop die leerders funksioneer te evalueer.
4. Onderwysers moet die inligting/data analiseer wat uit die half-jaarlikse basislynassessering ontvang is en toesien dat die waardevolle inligting hul onderrig versterk, bv. vaardigheidsgroepe vir lees moet weer hervestig/aangepas word indien nodig.
5. Onderwysers kan besluit hoe ver hulle die basislynassessering wil uitbrei, wat gebaseer op die spesifieke konteks van die skool, bv. U mag besluit om slegs kwartaal 1 se inhoud te hersien of kwartaal 2 se inhoud of ‘n kombinasie van die twee kwartale se inhoud.
6. Onderwysers mag ‘n seleksie van een of twee van die voorbeeld aktiwiteite kies om hul te help met die proses of hulle kan hul eie aktiwiteite kies om aan die doel van die assessering te voldoen. Aktiwiteite in die DBE werkboeke is ook ‘n goeie bron vir die aktiwiteite.
7. Gegradeerde leesreekse en die DBE werkboeke mag ook as hulpbronne dien om hierdie proses te ondersteun.

**Die half-jaarlikse basislynassessering bestaan uit die volgende:**

1. Lys van kernkonsepte vir Graad 3 vir kwartaal 1 en 2.
2. Onderwyserskontrolelyste vir Graad 3.
3. Voorbeelde van leerderaktiwiteite vir Graad 3.

| | **KERNKONSEPTE KWARTAAL 1 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL** |
|---|---|
| | Graad 3 |
| **LUISTER EN PRAAT** | • Luister na nie-fiksie tekste, bv. feitelike gebeure of feitelike vertellings, en beantwoord begripsvrae mondeling. |
| | • Maak 'n opsomming van 3 tot 4 sinne van 'n nie-fiksie teks. |
| | • Toon begrip van woordeskat deur na voorwerpe in die klas of op prente te wys, en reageer op vrae/instruksies van die onderwyser, bv. Wat is dit? Wys na die olifant se slurp. |
| **KLANKE** | • Identifiseer die letter-klank-verhouding van alle enkelklanke en herken uitspraakverskille tussen die Huistaal en Eerste Addisionele Taal. |
| | • Herken tweekonsonantkombinasies (bv. sk-; br-; fr-; pl-) aan die begin van woorde.(bv. **sk**- ip; **br**- ug; **fr**- is; **pl**- uk) |
| | • Herken tweekonsonantkombinasies, (bv. -lf; -nt; -rk) aan die einde van woorde (bv. wo **-lf**; se -**nt**; vu -**rk**; ke -**rs**) |
| **LEES** | • Woordherkenning van sigwoorde: Assesseer woordherkenning (50-60 woorde) |
| | • Assesseer 'n kort leesgedeelte (50-60 woorde) |
| | • Gebruik sigwoorde, klanke en begripsvaardighede om die teks te verstaan. |
| **SKRYF** | • Skryf en illustreer 'n bekende storie en maak gebruik van hoofletters en punte. (ten minste 3 – 5 sinne) |
| | • Skryf betenisvolle sinne, met toenemende akkuraatheid, in die teenwoordige tyd. |
| **TAALSTRUKTUUR** | • Skryf betekenisvolle onderskrifte vir prente deur van 'n skryfraam gebruik te maak, bv. Daar is ________. |
| | • Skryf sinne deur van besitlike voornaamwoorde gebruik te maak, bv. Dit is myne. Die fiets is syne., ens. |

| | KERNKONSEPTE KWARTAAL 2 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL |
|---|---|
| | **Graad 3** |
| **LUISTER EN PRAAT** | • Luister na 'n nie-fiksie teks en beantwoord begripsvrae mondelings. |
| | • Gee 'n eenvoudige mondelinge opsomming van 3 tot 4 sinne oor 'n nie-fiksie teks. |
| | • Verstaan en toon begrip van mondelinge woordeskat. |
| | • Luister na 'n storie en vertel dit oor. |
| **KLANKE** | • Herken vokaalklanke wat uit twee letters bestaan (bv. -oe- soos in m**oe**t; -eu- soos in d**eu**r ) en diftonge (bv. -ou- soos in k**ou**d; -ei- soos in r**ei**s; -ui- soos in h**ui**s) |
| | • Herken tweekonsonantkombinasies aan die begin van woorde (bv. fl- soos in **fl**es; kr- soos in **kr**ap; pl- soos in **pl**uk; pr- soos in **pr**uim) |
| | • Bou en klank woorde wat aangeleer is. |
| | • Onderskei tussen lang vokaalklanke, soos: boot muur, kaas, lees; en kort vokaalklanke soos: kas, bos, les. |
| **LEES** | • Woordherkenning en sigwoorde: Assesseer woordherkenning (60 -70 woorde) |
| | • Lees 'n kort leesstuk (60 -70 woorde) Toon begrip en vlotheid |
| | • Beantwoord kort mondelinge vrae oor 'n storie of nie-fiksie teks. |
| **SKRYF** | • Skryf 'n paragraaf van 6-8 sinne oor 'n bekende onderwerp. |
| | • Skryf, met hulp van die onderwyser, eenvoudige instruksies (bv. Hoe om saad te plant/ 'n resep) |
| **TAALSTRUKTURE** | • Leestekens (hoofletters en punte)<br>• voorsetsels<br>• selfstandige naamwoorde<br>• Hersien taalstrukture wat in Graad 1 en 2 gebruik is |

## HALF-JAARLIKSE BASISLYNEVALUERING: GRAAD 3

## EERSTE ADDISIONELE TAAL: KWARTAAL 1 INHOUD

| | Luister & Praat | | | Klanke | | | Lees | | | Skryf | | Taalstrukture | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Name:**<br>**X = nie in staat**<br>**✓ = in staat**<br>**● = ontwikkel nog** | Luister na nie-fiksie tekte, bv. feitelike gebeure of feitelike vertellings, en beantwoord begripsvrae mondelings. | Maak ʻn opsomming van 3 tot 4 sinne van n niefiksie-teks. | Toon begrip van woordeskat deur na voorwerpe in die klas of op prente te wys, en reageer op vrae/instruksies van die onderwyser. | Identifiseer die letter-klank-verhouding van alle enkelklanke en herken uitspraakverskille tussen die Huistaal en Eerste Addisionele Taal. | Herken tweekonsonant kombinasies (bv. sk-; br-; fr-; pl-) aan die begin van woorde. | Herken tweekonsonant kombinasies, (bv. -lf; -nt; -rk) aan die einde van woorde | Woordherkenning van sigwoorde: Assesseer woordherkenning (50-60 woorde) | Assesseer n kort leesgedeelte (50-60 woorde) | Gebruik sigwoorde, klanke en begripsvaardighede om die teks te verstaan. | Skryf en illustreer ʻn bekende storie en maak gebruik van hoofletters en punte. (ten minste 3 – 5 sinne) | Skryf betenisvolle sinne, met toenemende akkuraatheid, in die teenwoordige tyd. | Skryf betekenisvolle onderskrifte vir prente deur van ʻn skryfraam gebruik te maak, bv. Daar is ________. | Skryf sinne deur van besitlike voornaamwoorde gebruik te maak, bv. Dit is myne. Die fiets is syne., ens. |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |

| HALF-JAARLIKSE BASISLYNEVALUERING: GRAAD 3 | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| EERSTE ADDISIONELE TAAL: KWARTAAL 2 INHOUD | | | | | | | | | | | | | | |
| | Luister & Praat | | | | Klanke | | | | Lees | | | Skryf | | Taalstrukture |
| **Name:**<br>**X = nie in staat**<br>**✓ = in staat**<br>**● = ontwikkel nog** | Luister na 'n nie-fiksie teks en beantwoord begripsvrae mondelings. | Gee n eenvoudige mondelinge opsomming van 3 tot 4 sinne oor n nie-fiksie teks. | Verstaan en toon begrip van mondelinge woordeskat. | Luister na n storie en vertel dit oor. | Herken vokaalklanke wat uit twee letters bestaan en diftonge | Herken tweekonsonantkombinasies aan die begin van woorde | Bou en klank woorde wat aangeleer is. | Onderskei tussen lang- en kort vokaalklanke | Woordherkenning en sigwoorde: Assesseer woordherkenning (60 -70 woorde) | Lees n kort leesstuk (60 -70 woorde) Toon begrip en vlotheid | Beantwoord kort mondelinge vrae oor n storie of nie-fiksie teks. | Skryf 'n paragraaf van 6-8 sinne oor n bekende onderwerp. | Skryf, met hulp van die onderwyser, eenvoudige instruksies | Leestekens (hoofletters en punte), voorsetsels selfstandige naamwoorde, Hersien taalstrukture wat in Graad 1 en 2 gebruik is |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |

# Voorbeeldaktiwiteite
# Graad 3 Kwartaal 1

## Gr. 3 Luister en Praat aktiwiteite

**Die Korona Virus**

Ons voel almal bang as iets gebeur wat ons nie verstaan nie. Ons moet meer leer oor die Korona Virus, dit word ook genoem Kovid -19.

"Hallo kinders, ek is Kovid -19. Ek is 'n baie klein virus. Ek is so klein dat julle my nie eens kan sien nie. Dit is hoekom ek binne-in julle kan kom sonder dat julle dit weet. Wanneer ek binne-in julle is, kan julle begin hoes, 'n koors en selfs 'n seer keel ontwikkel. Ek kan ook julle longe aanval en dit vir julle baie moeilik maak om asem te haal. Baie slim dokters het ontdek dat jy veilig kan wees deur net jou hande gereeld te was, deur ontsmettingsmiddels te gebruik, nie naby ander mense te kom nie, in jou elmboog of in 'n sneesdoekie te nies en hoes en deur altyd 'n gesigmasker te dra wat jou neus en mond bedek.

"O nee! O nee! Ek moet nou vining weghardloop! Hier kom die water en seep! Nee dit is ontsmettingsmiddels! Help!"

**Vrae:**

Wat is die virus se naam?


Hoe klein is die virus? Kan mens dit sien?

Watter simptome toon mens as jy die virus kry?

Hoe kan jy jouself teen die virus beskerm?


KOVID 19
TEKENS EN SIMPTOME
Koors
Hoes
Haal swaar asem
Hoe kan ek myself beskerm?
Was jou hande gereeld met seep en water vir ten minste 20 sekondes.
Vermy dit om jou oë, neus en mond aan te raak met ongewaste hande.
Vermy kontak met siek mense.

## Op die plaas



Benoem twee diere in die prent.

Waar bly al hierdie diere?

Wat kry ons alles van 'n koei?

Wys na die skuur.





Benoem en beskryf jou gunsteling plaasdier.

Dink jy hierdie diere is gelukkig? Hoekom sê jy so?






# Gr. 3 Klanke aktiwiteite Kwartaal 1

Mondelinge aktiwiteit. Wat is die name van die volgende prente?

Maak seker dat die uitspraak korrek is.

| | | | |
|---|---|---|---|
|  appel |  bus |  dak |  gom |
|  jas |  veer |  kat |   ink |

Skryf die begin of endklank vir elke prent neer


| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| ____ood | _____ak | ____ip | ____ug |
|  |  |  |  |
| wo___ | ke__ | bo___ | ke___ |

# Gr. 3 Leesaktiwiteite Kwartaal 1

Woordherkenning van sigwoorde. Gebruik hoëfrekwensiewoorde vanuit KABV.

Eerste 80 woorde

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| is | as | kan | het | nog | ook | ma | doen |
| sit | sê | al | sy | maar | oom | pa | hoe |
| en | net | met | jy | daar | loop | na | moet |
| ‘n | dan | kom | hy | aan | voor | so | goed |
| die | was | om | by | haar | oor | te | roep |
| in | wil | my | bly | gaan | groot | nie | voel |
| ons | dit | wat | hom | laat | wees | sien | doen |
| tot | ek | kon | af | maak | weer | wie | hoe |
| van | sal | op | of | staan | weet | tog | moet |
| vir | dis | kyk | se | soos | ja | toe | goed |



Assesseseer ‘n kort leesstuk:

Eddie die sirkusolifant

Eddie is ‘n sirkusolifant. Hy hou daarvan om sy toertjies vir mense te wys. Hulle kom van ver om die Superster te sien.

Eddie staan op een been en kan homself op ‘n bal balanseer. Die sirkusbaas is baie trots op Eddie en kyk elke dag baie mooi na hom. Hy gee hom goeie kos en baie liefde. Almal is baie lief vir Eddie.

# Gr. 3 Skryfaktiwiteite Kwartaal 1

Skryf ‘n paragraaf oor die Korona Virus. (ten minste 3 tot 6 sinne). Onthou om met ‘n hoofletter te begin en met ‘n punt te eindig.



Jy kan van hierdie woorde gebruik:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kovid 19 | masker | was | ontsmettingsmiddels |
| hoes | nies | hartseer | speel |
| bly tuis | mis | onderwyser | skoolwerk |

# Voorbeeldaktiwiteite
# Graad 3 Kwartaal 2

## Luister en Praat aktiwiteite

Gee 'n eenvoudige mondelinge opsomming van 3 tot 4 sinne oor 'n nie-fiksie teks.

Die skooluitstappie



Die leerders van Happy Valley het gister op 'n uitstappie per trein na Kaapstad gegaan.

Vandag gaan hulle Robbeneiland toe. Hulle trek hul reddingsbaadjies oor hul jasse aan. Soos wat hulle vaar, voel hulle die boot op en af beweeg. Tim voel siek. Arme Tim! Hy is seesiek, maar sal weer beter voel as hulle weer op land is.

Terwyl hulle vaar sien hulle 'n walvis verby swem. Hulle sien 'n paar dolfyne wat met mekaar speel. Hulle hoop om nie 'n haai te sien nie.

Die boot bereik die eiland. Daar is baie pikkewyne op die eiland. Die pikkewyne hardloop in die skuim van die branders op die strand rond.

Anna sê: "Ek wens ek kan 'n pikkewyn as 'n troeteldier huis toe neem."

Hulle koop poskaarte om vir hul families huis toe te stuur.

Nomsa koop 'n poskaart met 'n prent van 'n pikkewyn op.

Luister na die storie en vertel dit oor.



**Olifant en Vriende**

Eendag het ‘n olifant in die oerwoud in gestap om vriende te soek.

Hy het ‘n aap in ‘n boom gesien. “Sal jy my vriend wees?” vra die olifant. Die aap sê, “Nee, jy is te groot. Jy kan nie soos ek swaai nie.”

Volgende ontmoet die olifant ‘n haas. Hy vra die haas om sy vriend te wees. Maar die haas sê, “Jy is te groot om met my te speel.”

Toe ontmoet die olifant ‘n padda. “Sal jy my vriend wees? vra hy. “Hoe kan ek jou vriend wees?” vra die padda. “Jy is te

groot om soos ek te hop."

Die volgende dag sien die olifant al die diere in die oerwoud hardloop vir hulle lewe. Die olifant vra hulle, "Wat is verkeerd?"

"Daar is 'n tier in die bos. Hy probeer ons eet!" Al die diere hardloop om te gaan wegkruip.





"Hoe kan ek die diere red?" wonder die olifant.

Die tier het al die diere wat hy kon kry geëet. Die olifant gaan na die tier en sê, "Asseblief Meneer Tier, hou op om my vriende te eet." "Bepaal jou by jou eie sake!" sê die tier.

Die olifant skop die tier dat hy daar trek. Die bang tier hardloop vir sy lewe.

Die olifant gaan terug in die oerwoud in om vir die diere die goeie nuus te vertel. Al die diere bedank die olifant.


Hulle sê, "Jy is net die regte grootte om ons vriend te wees."

| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| d_____r | b______t | b_____k |
|  |  |  |
| b_____s | k_____s | k_____s |

Omkring die korrekte woord wat by die sin pas.



My ma dra ‘n baie mooi (ring/ding). 

Ek hou daarvan om (swart/smart) skoene te dra. 

Die kuiken het gister uitge(stoei/broei). 

Die kinders hou daarvan om hande te (klop/klap). 

Kyk na die prent en skryf die korrekte woord onder die prent.

| | |
|---|---|
|  |  |
| | |
|  |  |
| | |

# Gr. 3 Leesaktiwiteite Kwartaal 2


Woordherkenning van sigwoorde. Gebruik hoëfrekwensiewoorde vanuit KABV.

Eerste 80 woorde

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| is | as | kan | het | nog | ook | ma | doen |
| sit | sê | al | sy | maar | oom | pa | hoe |
| en | net | met | jy | daar | loop | na | moet |
| ‘n | dan | kom | hy | aan | voor | so | goed |
| die | was | om | by | haar | oor | te | roep |
| in | wil | my | bly | gaan | groot | nie | voel |
| ons | dit | wat | hom | laat | wees | sien | doen |
| tot | ek | kon | af | maak | weer | wie | hoe |
| van | sal | op | of | staan | weet | tog | moet |
| vir | dis | kyk | se | soos | ja | toe | goed |

Volgende 60 woorde

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| jou | klein | iets | word | eet | slaap |
| nou | man | eie | klaar | weg | sodat |
| sou | kry | vrou | daardie | neem | omdat |
| hou | dat | blou | hierdie | hul | reg |
| gou | gee | soek | hê | grond | mag |
| uit | saam | nooit | lyk | graag | wees |
| huis | eers | mooi | lê | brief | gewees |
| want | baie | hulle | dag | breek | geval |
| waar | nee | julle | dra | eerste | gekry |
| jaar | hier | wou | teen | stil | genoeg |



**Haaie**

Wat het vinne, skerp tande en swem in die see? 'n Haai!

Haaie leef al in die see van voordat dinosourusse op die aarde was! Klein haaie word baba haaie genoem.

Haaie verloor hul tande reg deur hul lewe. Wanneer 'n haai 'n tand verloor, skuif daar net 'n nuwe tand in sy plek in. Daar groei gedurig nuwe tande.

Haaie lyk gevaarlik, maar hulle is eintlik nie gevaarlik vir mense nie. Mense is meer gevaarlik vir haaie omdat mense hulle jag. Om veilig te wees is dit beter om haaie net alleen te los as jy hulle sien!

Vrae:

1. Wat is die titel van die storie?

__________________________________________

2. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

   A Haaie verloor nooit hul tande nie.

   B Haaie het nie tande nie.

   C Haaie verloor hul tande.

   D Haaie haal deur hul tande asem.

3. Waarom is mense gevaarlik vir haaie?

__________________________________________

__________________________________________

4. Wat word klein haaie genoem? Omkring die sin in die leesstuk wat vir jou die antwoord gee.


__________________________________________

5. Nommer die volgorde van die storie van 1 tot 3.

| | |
|---|---|
| Haaie verloor hul tande reg deur hul lewe. | |
| Mense is meer gevaarlik vir haaie as wat haaie vir mense is. | |
| Haaie het in die see gebly lank voor dinosourisse. | |

# Gr. 3 Skryf aktiwiteite Kwartaal 2

Kyk na die prent en skryf 'n paragraaf van 6-8 sinne daaroor. Onthou om die korrekte leestekens en spelling te gebruik.



Jy kan van hierdie woorde gebruik:

| | | | |
|---|---|---|---|
| familie | ouma | oupa | neefs / niggies |
| tuin | oom | tannie | piekniek |

# Gr. 3 Taalstruktuur aktiwiteite Kwartaal 2

1. Skryf die sinne oor.

   Vul **een** korrekte leesteken in vir elk van die volgende sinne.

   a. die seun luister nie na sy ma nie.

   ______________________________________________

   b. Jan, Willie en Tom speel sokker

   ______________________________________________

   c. Wat doen tom vandag?

   ______________________________________________

2. Skryf die volgende sinne in die teenwoordige tyd.

   a. Die wind het gister buite gewaai.

   Vandag_________________________________ buite.

   b. Die seun het sokker gespeel.

   Vandag ________________________________ sokker.

3. Omkring die selfstandige naamwoorde in die volgende sinne.

   a. Pieter hardloop buite rond.

   b. Sy skryf in haar boek.

4. Omkring die voorsetsels in die volgende sinne:

a. Hy sit op die stoel.
b. Sy speel met haar pop in die huis.
c. Die seun klim onder die tafel in.

## **Erkenning:**


- DBE werkboeke
- KABV Dokument
- Internet - Clipart pictures